

Dinsdag 24 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:26, 27 (AFR53)

**Die Gees tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge
ooreenkomstig die wil van God**

Romeine 8:18-30 is onder andere 'n bemoediging dat die Heilige Gees vir ons intree met gebed terwyl ons wag op die wederkoms en die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word. In vers 26 en 27 leer ons drie dinge oor die Gees wat vir ons intree:

- *Die noodsaaklikheid daarvan:* As gevolg van ons sonde weet ons nie altyd waarvoor ons moet bid nie. Dit is omdat ons nie ten volle in lyn met God se wil is nie. Ons moet onthou dat God alle gebede hoor, maar slegs dié verhoor wat ooreenstem met sy wil. Dink aan Paulus wat gebid het dat die doring in sy vlees verwyder moet word, maar God het dit nie gedoen nie omdat dit God se wil was dat Paulus swak moes bly sodat hy sy afhanklikheid van God kan besef.
- *Die aard daarvan:* Die Gees bid nie onafhanklik van ons nie, maar Hy bid saam met ons. Daarom sê hierdie gedeelte nie dat ons nooit hoef te bid nie, maar dat wanneer ons na God verlang in ons gebed en ons vra vir dinge wat teen God se wil is, tree die Gees namens ons in.
- *Die effektiwiteit daarvan:* Die Heilige Gees, die Vader en die Seun is almal een God en hulle het dieselfde wil. Wanneer die Gees dus vir ons intree by ons Vader, weet Hy presies waarvoor om te vra, want Hy en die Vader is een. Sy intrede vir ons is daarom altyd effektief, omdat God die gebed verhoor wat ooreenstem met sy wil.

Die gevolg van die Gees wat vir ons intree en die feit dat ons weet dat sy gebede namens ons volkome verhoor word, laat ons met ander oë na vers 28 kyk: “Alles werk ten goede mee vir ons wat God liefhet.”

Sing: Psalm 33-1:8-11

Ds. DH Verryn (Hendrik) (Potchefstroom-Suid)